concentrate	verb	to bring together.	The medical research laboratory is concentrating all its efforts on developing a vaccine for TB.	toespits	ww.	om saam te trek; jou op iets toe te lê.	Die mediese navorsingslaboratorium spits al hul aandag toe op die ontwikkeling van 'n entstof vir TB.
concentrate	verb	to think very clearly.	Due to her illness she was unable to concentrate on anything.	konsentreer	ww.	om baie helder te dink.	As gevolg van haar siekte kon sy nie op enigiets konsentreer nie.
concept	noun	an abstract or general idea.	I struggle to understand the concept of evolution.	begrip	nw.	'n abstrakte of algemene idee.	Ek sukkel om die begrip evolusie te verstaan.
concise	adj	giving only the information that is necessary or important.	Avoid long, complex sentences and repetition to keep your writing concise.	bondig	b.nw.	om slegs inligting te gee wat nodig of belangrik is.	Vermý lang ingewikkelde sinne en herhaling om jou skryfwerk bondig te hou.
conclude	verb	to make a decision after considering all the information you have.	In the article he concludes that it is possible for poor countries to curb the spread of HIV.	gevolgtrekking maak	ww.	om 'n besluit te maak nadat jy al die inligting tot jou beskikking oorweeg het.	In die artikel kom hy tot die gevolgtrekking dat dit moontlik is vir arm lande om die verspreiding van MIV te bekamp.
conclude	verb	to successfully complete something you have been doing, especially for a long time.	They followed up every possible lead and concluded the investigation after three years.	afsluit	ww.	om iets suksesvol af te handel waarmee jy vir 'n lang ruk besig was.	Hulle het elke moontlike leidraad gevolg en het die ondersoek na drie jaar afgesluit.
conclusion	noun	an opinion you reach after thinking about all the information.	The judge has reached a conclusion and will deliver his verdict next week.	gevolgtrekking	nw.	'n opinie wat jy vorm nadat jy al die inligting oorweeg het.	Die regter het tot 'n gevolgtrekking gekom en sal die vonnis volgende week uitspreek.
concur	verb	agree with somebody or something.	We concur with the decision of the Department of the Treasury to improve upon the proposal to define candidate-related political activity for social welfare groups.	saamstem	ww.	stem saam met iemand of iets.	Ons stem saam met die besluit van Tesourie om op die voorstel te verbeter om kandidaatverwante politieke aktiwiteit vir maatskaplike welsynsgroepe te definieer.
concurrent	adj	occurring or operating at the same time.	There are three concurrent music festivals around the city.	gelyktydig	b.nw.	wat op dieselfde tyd plaasvind.	Drie musiekkonserte vind gelyktydig in die stad plaas.
condemn	verb	to express very strong disapproval.	The international community condemned the acts of violence in the country.	afkeur	ww.	om iets baie sterk te veroordeel.	Die internasionale gemeenskap het die dade van geweld in die land ten sterkste afgekeur.
conduct	verb	to perform or carry out.	The university conducted a survey into student responses to the newly implemented fee structure.	uitvoer	ww.	om iets te doen of uit te voer.	Die universiteit het 'n opname onder studente uitgevoer oor die nuwe fooie wat geïmplementeer is.
conduct	noun	the way a business, campaign, activity, etc. is organised or managed.	There is growing criticism of the conduct of the pharmaceutical companies in the Third World.	gedrag	nw.	die manier waarop 'n besigheid, veldtog, aktiwiteit ens. georganiseer of bestuur word.	Daar is toenemende kritiek oor die gedrag van farmaseutiese maatskappye in die Derde Wêreld.
confer	verb	to have a meeting in order to talk something over.	The two judges conferred with each other and agreed that the man should be sentenced to life in prison.	oorleg pleeg	ww.	om gedagtes oor iets uit te ruil.	Die twee regters het oorleg gepleeg en saamgestem dat die man lewenslange tronkstraf moet kry.
confer	verb	to give an honour, degree, title, etc. to someone.	A doctorate in engineering was conferred on him in 1998.	toeken	ww.	om eer, 'n graad of 'n titel aan iemand te gee.	'n Doktorsgraad in ingenieurswese is in 1998 aan hom toegeken.

confine	verb	to place limits on; restrict.	Reading problems are not confined to school dropouts.	beperk	ww.	om iets te beperk.	Leesprobleme word nie net tot skoolopskoppers beperk nie.
confine	verb	to prevent something from spreading beyond a particular place or group.	Health officials have confined the foot and mouth epidemic to Kwazulu-Natal.	begrens	ww.	om te voorkom dat iets verder as 'n bepaalde plek versprei.	Gesondheidsamptenare het die bek-en-klou-epidemie tot KwaZulu-Natal begrens.
confirm	verb	to establish or strengthen as with new evidence or facts.	Further genetic tests confirmed the diagnosis.	bevestig	ww.	om met nuwe bewyse of feite iets vas te stel of te versterk.	Verdere genetiese toetse het die diagnose bevestig.
conflict	verb	to be very different to something, or to be in opposition to something.	These results conflict with earlier findings.	weerspreek	ww.	om baie anders of die teenoorgestelde van iets te wees.	Hierdie uitslae weerspreek vroeëre bevindinge.
conflict	noun	a situation where people are in serious disagreement.	Managing and resolving conflicts over natural resources may define global peace and security in the 21st century.	konflik	nw.	'n situasie waar mense ernstig van mekaar verskil.	Die bestuur en oplos van konflikte oor natuurlike hulpbronne kan wêreldwye vrede en veiligheid in die 21ste eeu definieer.
conform	verb	to be similar or in line with.	Some students feel the pressure to conform and not to be different.	konformeer	ww.	om dieselfde te wees of soos ander op te tree.	Sommige studente gee toe aan druk om te konformeer en nie anders te wees nie.
conform	verb	to obey a law, rule, etc.	New drugs must conform to the standards of the Medical Research Council.	voldoen	ww.	om 'n wet of reël na te kom.	Nuwe medisyne moet aan die standaarde van die Mediese Navorsingsraad voldoen.
connect	verb	to join together.	A pedestrian bridge connects the main campus with the south campus.	verbind	ww.	om saam te voeg.	'n Voetgangerbrug verbind die hoofkampus met die suidkampus.
connect	verb	to make a link between people, things, etc.	In his dissertation he attempted to connect the economic and cultural dimensions.	skakel	ww.	om 'n verband tussen mense of dinge te maak.	In sy verhandeling het hy probeer om die ekonomiese en kulturele dimensies aaneen te skakel.
consent	verb	to give an affirmative reply to; respond favourably to.	Since she is of age, her parents do not have to consent on her behalf.	bevestig	ww.	om iets te bevestig; of gunstig daarvoor stem.	Aangesien sy mondig is hoef haar ouers nie namens haar te bevestig nie.
consent	noun	permission to do something.	You have to obtain informed consent from the respondents before the empirical part of the research can commence.	toestemming	nw.	toestemming om iets te doen.	Jy moet ingeligte toestemming van die respondente verkry voordat jy met die empiriese deel van die navorsing kan begin.
consent	noun	agreement about something.	By common consent, the board decided to ban rock music from the campus.	ooreenstemming	nw.	om oor iets ooreen te kom; om saam te stem.	Die raad het in algehele ooreenstemming besluit om rock-musiek op die kampus te verban.
consequence	noun	a result of something.	An immediate consequence of the Cold War in Russia was that military spending was cut dramatically and quickly.	gevolg	nw.	die resultaat van iets.	Een onmiddellike gevolg van die Koue Oorlog in Rusland was dat militêre besteding dramaties en vinnig besnoei is.
consequent	adj	happening as a direct result or effect of an event or situation.	Rainforest destruction, and the consequent damage to the environment are now of primary concern in Central Africa.	gevolglike	b.nw.	wat as 'n direkte gevolg of uitwerking van 'n voorval of situasie gebeur.	Vernietiging van reënwoude en die gevolglike skade aan die omgewing is nou 'n primêre bekommernis in Sentraal-Afrika.
consider	verb	to think about or give attention to something that you are discussing or studying.	After carefully considering her research proposal, the research committee decided to accept it.	oorweeg	ww.	om oor iets te dink of om aandag aan iets te gee wat jy bespreek of bestudeer het.	Nadat hulle haar navorsingsvoorstel deeglik oorweeg het, het die navorsingskomitee dit aanvaar.

considerable	adj	large in number or amount or extent or degree.	They received a considerable amount of money from the company to fund the project.	beduidend	b.nw.	groot in getal, hoeveelheid of mate.	Hulle het 'n beduidende bedrag geld van die maatskappy ontvang om die projek te befonds.
consist	verb	made up of.	Porcelain consists primarily of clays, feldspar or flint, and silica.	bestaan	ww.	gemaak van.	Porselein bestaan hoofsaaklik uit klei, veldspaat en silika.
consistency	noun	the quality of always behaving in the same way.	Consistency in the use of tense is very important in the methodology section of the laboratory report.	konsekwentheid	nw.	om altyd op dieselfde manier op te tree.	Konsekwente gebruik van die regte tydvorm is belangrik in die metodologie-afdeling van 'n laboratoriumverslag.
consistency	noun	how thick, smooth or firm a liquid is.	The lump had a rubbery consistency.	konsistensie	nw.	hoe dik, glad of ferm 'n vloeistof is.	Die knop het 'n rubberagtige konsistensie.
consistent	adj	in agreement with something.	The results of the research are consistent with the hypothesis.	strook	b.nw.	om met iets ooreen te stem.	Die resultate van die navorsing strook met die hipotese.
consistent	adj	always behaving in the same way, and continuing for a period of time.	Government departments must be consistent in what they communicate.	konsekwent	b.nw.	om altyd op dieselfde manier op te tree en dit oor 'n tydperk te doen.	Regeringsdepartemente moet konsekwent wees met wat hulle kommunikeer.
constant	adj	uninterrupted in time and indefinitely continuing.	The lecturer's constant encouragement motivated the students to succeed.	deurlopend	b.nw.	ononderbroke in tyd en hoe dit voortgaan.	Die dosent se deurlopende aanmoediging het die studente aangespoor om suksesvol te wees.
constant	noun	a thing, quantity or value that always stays the same.	In the world of business the only constant is a drive for profit.	konstant	b.nw.	'n ding, hoeveelheid of waarde wat altyd dieselfde bly.	In die sakewêreld is die strewe na wins die enigste konstante faktor.
constituent	noun	one of the parts that combine to form a whole.	Reading comprises of various constituents, such as basic decoding of information as well as comprehension.	deel	nw.	een van die dele wat saam 'n geheel vorm.	Lees bestaan uit verskeie dele, soos basiese dekodeering van inligting en ook begrip.
constitute	verb	to form or compose.	The nine provinces constitute the Republic of South Africa.	uitmaak	ww.	om te vorm of saam te stel.	Die nege provinsies maak die Republiek van Suid-Afrika uit.
constitute	verb	to be the same as something.	His whole idea is that if vicious people are united and constitute power, then honest folk must do the same.	verteenwoordig	ww.	om dieselfde as iets te wees.	Sy idee is dat as nare mense kan saamstaan en mag verteenwoordig, dan kan eerlike mense dit ook doen.
constrain	verb	to hold back.	The study was constrained by time and financial resources.	terughou	ww.	om terug te hou.	Die studie is deur tyd en gebrek van finansies teruggehou.
construct	verb	to make by combining materials and parts.	The houses were constructed of stone and mud brick.	bou	ww.	om iets te maak deur materiaal en onderdele te kombineer.	Die huise is van klip en modderstene gebou.
construct	verb	to form something, such as an idea, sentence, argument or piece of writing, by joining different words, ideas, etc.	Charlotte constructed her theory from personal experience and research.	ontwerp	ww.	om iets te vorm soos 'n idee, 'n sin, 'n argument of skryfwerk deur verskillende woorde, idees, ens. saam te voeg.	Charlotte het haar teorie uit persoonlike ondervinding en navorsing ontwerp.
construct	noun	a complex idea, belief or philosophy.	Race is largely a social construct influenced by social conditioning.	konstruk	nw.	'n komplekse idee, geloof of filosofie.	Ras is grootliks 'n sosiale konstruk wat deur sosiale kondisionering beïnvloed word.
consult	verb	to go to a person, book, etc. for advice or information.	She will consult a dictionary to check the spelling of the words.	raadpleeg	ww.	om na 'n persoon, boek ens. vir raad of inligting te gaan.	Sy sal 'n woordeboek raadpleeg om die spelling van die woorde na te gaan.

consult	verb	to talk and exchange ideas and opinions about something so that you can make a decision together.	Students are encouraged to consult with lecturers during consultation hours.	raadpleeg	ww.	om idees en menings oor iets uit te ruil sodat julle saam tot 'n besluit kan kom.	Studente word aangeraai om die dosente gedurende spreekure te raadpleeg.
consume	verb	use up, e.g. resources or materials.	The dying of fabrics consumes large quantities of water.	gebruik	ww.	om hulpbronne of materiaal te gebruik.	Die kleur van materiaal gebruik baie water.
contemporary	adj	belonging to the present time.	Contemporary landscape artists have discarded the idea of a pretty picture in favour of a work of art that expresses social commentary.	eietyds	b.nw.	behoort aan hierdie tyd.	Eietydse of kontemporêre landskapskilders het die idee van 'n mooi prentjie verwerp ten gunste van 'n kunswerk wat sosiale kommentaar lewer.
context	noun	the general situation, events or information relating to an idea or an event and helping it to be understood.	The introductory chapter of a dissertation has to describe the context within which the research is situated.	konteks	nw.	die algemene situasie, gebeure of inligting wat verband hou met 'n idee of 'n voorval en sorg dat dit verstaan word.	Die inleidingshoofstuk van 'n tesis moet die konteks beskryf waarin die navorsing ingebed word.
context	noun	the words and sentences that come before and after a particular word, and which help to make its meaning clear.	"Funny" can mean "strange" or "amusing", depending on the context.	konteks	nw.	die woorde en sinne wat voor of na 'n besondere woord staan en wat help om sy betekenis duidelik te maak.	"Snaaks" kan "vreemd" of "grappig" beteken, afhangend van die konteks.
contract	noun	a binding agreement which can be enforced by law.	The contract stipulated that the work had to be completed three months.	kontrak	nw.	'n bindende ooreenkoms wat wetlik afdwing kan word.	Die kontrak het gestipuleer dat die werk binne drie maande afgehandel moet word.
contract	verb	to make a formal agreement with somebody to do something.	The carpenter was contracted to do the work on the eastern side of the quadrangle by 30 November 1443.	kontraktee	ww.	om 'n formele ooreenkoms met iemand aan te gaan om iets te doen.	Die skrynwerker is gekontrakteer om die werk aan die ooste van die binneplein op 30 November 1443 te doen.
contradict	verb	to be very different from each other, said or written, to the extent that one may be wrong.	A statement he makes in a recent article contradicts a claim he made in an article published five years ago.	ontken	ww.	om totaal van mekaar te verskil in so 'n mate dat die een verkeerd kan wees.	'n Stelling wat hy in 'n onlangse artikel maak ontken 'n aanspraak wat hy vyf jaar gelede in 'n artikel gemaak het.
contradict	verb	to prove negative; show to be false.	The vice president's statement contradicts the facts uncovered by journalists.	weerspreek	ww.	om iets as negatief te bewys; om iets as vals te bewys.	Die visepresident se stelling weerspreek die feite wat die joernaliste oopgekrap het.
contradiction	noun	a lack of agreement between facts, opinions or actions.	If there are contradictions between sources you have to decide which one you believe, and find additional evidence to support it.	weerspreking	nw.	feite, menings of optrede stem nie ooreen nie.	As jou bronne mekaar weerspreek moet jy besluit watter een jy glo, en dan moet jy bykomende bewyse vind wat dit staaf.
contrary	noun	completely different or the exact opposite.	He said that water contracts when it freezes; on the contrary, it expands.	teenoorgestelde	nw.	totaal verskillend of die teenoorgestelde.	Hy het gesê dat water saamtrek wanneer dit vries; maar die teenoorgestelde gebeur want dit sit uit.
contrary	noun	the opposite of what has been said or done.	There is a sense that this runs contrary to the spirit of the agreement.	teenstrydig	nw.	die teenoorgestelde van wat gesê of gedoen is.	Die gevoel is dat dit teenstrydig is met die gees van die ooreenkoms.

contrary	adj	completely different and opposed to another belief, opinion, idea or view.	This idea is contrary to the general view held by management.	teenoorgesteld	b.nw.	totaal verskillend en teenstrydig met 'n ander mening, idee of siening.	Hierdie idee is teenoorgesteld aan die algemene siening wat bestuur huldig.
contrast	verb	to compare two things in order to show the differences between them.	In the play the happy life of a simple working woman is contrasted with the unhappy life of her wealthy employer.	kontrasteer	ww.	om twee dinge te vergelyk ten einde hul verskille te sien.	In die drama word die gelukkige lewe van 'n eenvoudige werkende vrou met die ongelukkige lewe van haar ryk werkgewer gekontrasteer.
contrast	noun	something that is very different from something else, especially when you put them next to each other.	Contrasts were observed between the two products in terms of price, functionality and durability.	verskil	nw.	iets wat totaal van iets anders verskil, veral as jy hulle langs mekaar sit.	Verskille is tussen die twee produkte ten opsigte van prys, funksie en duursaamheid opgemerk.
contribute	verb	to give money or resources to achieve a particular purpose, or to pay for something.	The medical company contributed three crates of medicine to the new clinic.	skenk	ww.	om geld of ander hulpbronne te gee om 'n besondere doel te bereik, of om vir iets te betaal.	Die mediese maatskappy het drie kratte vol medisyne aan die nuwe kliniek geskenk.
contribute	verb	to write articles, stories, etc. that are published in journals, newspapers or magazines.	The professor contributed many important articles to South Africa's leading medical journal.	bydra	ww.	om artikels, stories, ens. te skryf wat in tydskrifte, koerante of joernale gepubliseer word.	Die professor het baie belangrike artikels bygedra tot Suid-Afrika se toonaangewende mediese tydskrif.
controversial	adj	causing a lot of public disagreement.	Nuclear power is a controversial issue and continues to elicit heated debates.	omstrede	b.nw.	om baie openbare meningsverskil te veroorsaak.	Kernkrag is 'n omstrede onderwerp en hou aan om hewige debatte te ontketen.
controversy	noun	a public discussion about an issue that many people strongly disagree about.	As a result of the controversy with animal testing more media attention has occurred in terms of animal care in testing facilities.	omstredenheid	nw.	'n openbare bespreking oor 'n saak waaroor baie mense sterk voel.	As gevolg van die omstredenheid met toetsing op diere is daar meer mediabelangstelling op die versorging van diere in laboratoriums.
convene	verb	to come together for a formal meeting.	The AIDS conference convened in Durban in May.	saamroep	ww.	om byeen te kom vir 'n formele vergadering.	Die vigskongres is vir Mei in Durban saamgeroep.
converge	verb	to move towards the same place from different directions.	Longitudinal lines converge at the poles and are the farthest apart at the equator.	ineenloop	ww.	om na dieselfde plek vanuit verskillende rigting te beweeg.	Lengtegraadlyne loop by die pole ineen en is die wydste uitmekaar by die ewenaar.
converge	verb	to stop being different and become similar in ideas, theories, societies, etc.	Their points of view converge when it comes to poverty relief.	konvergeer	ww.	om op te hou om verskillend te wees en om eenders in idees, teorieë, gemeenskappe, ens. te wees.	Hulle sienings konvergeer as dit by armoedeverligting kom.
converse	verb	to carry on a discussion; talk.	The students like to converse with one another in their own languages, even though they all study in English.	gesels	ww.	om aan te hou met 'n bespreking; om te praat.	Die studente hou daarvan om met mekaar in hul eie tale te gesels alhoewel hulle almal in Engels studeer.
converse	noun	the opposite of a fact, opinion or statement.	It is generally believed that hormones influence behaviour. However, the converse is also true: behaviour influences hormone secretion.	teensy	nw.	die teenoorgestelde van 'n feit, mening of stelling.	Daar word algemeen geglo dat hormone gedrag beïnvloed. Maar die teensy is ook waar: gedrag beïnvloed hormoonafskeiding.

convert	verb	to change the nature, purpose or function of something.	Today it is easy to convert conventional DVDs into blue-ray disks.	omskakel	ww.	om die aard, doel of funksie van iets te verander.	Deesdae is dit maklik om konvensionele DVD's na bloustraalskywe om te skakel.
convert	verb	to persuade someone to change their beliefs, opinions or habits.	Many Christians think that Charles Darwin gave up believing his theory of evolution and that he converted to Christianity before he died.	bekeer	ww.	om iemand te ooreed om hul geloof, menings of gewoontes te verander.	Baie Christene dink dat Charles Darwin sy evolusieteorie opgegee het en dat hy na die Christelike geloof bekeer is voor sy dood.
convert	verb	to be changed from one purpose or form to another.	A neutron converts into a proton when an electron is emitted.	omsit	ww.	om van een doel of vorm na 'n ander te verander.	'n Neutron sit om in 'n proton wanneer 'n elektron vrygestel word.
convert	noun	someone who has changed or been persuaded to change to a different religion, political belief, etc.	She did not think she would do her shopping online, but now she is a convert.	bekeerling	nw.	iemand wat verander het of ooreed is om na 'n ander godsdiens, politieke siening, ens. te verander.	Sy het nooit kon dink dat sy haar inkopies aanlyn sou doen nie, maar nou is sy 'n bekeerling.
convince	verb	to make someone realise the truth or validity of something.	Readers have to be convinced of an opinion by solid evidence.	oortuig	ww.	om iemand om te haal om die waarheid of geldigheid van iets in te sien.	Lesers moet tot 'n ander mening oortuig word deur soliede bewyse.
co-operate	verb	to work together on a common project.	The Economics Department cooperates with the Computer Science Department on all their large projects.	saamwerk	ww.	om saam aan 'n gemeenskaplike projek te werk.	Die Departement Ekonomie werk saam met die Departement Rekenaarwetenskap aan al hul groot projekte.
core	noun	the most vital or central part.	The core of engineering is problem-solving.	kern	nw.	die belangrikste of sentrale deel.	Die kern van Ingenieurswese is probleemoplossing.
correlate	verb	to show that there is a close connection between two or more facts or figures.	Inadequate prenatal care correlates strongly with premature birth.	korreleer	ww.	om te wys dat daar 'n nou verband is tussen twee of meer feite of getalle.	Ontoereikende voorgeboortelike sorg korreleer sterk met voortydige/vroeë geboorte.
correlation	noun	a connection between two things in which one thing changes as the other does.	Research showed a clear correlation between poverty and crime.	korrelasie	nw.	'n verband tussen twee dinge waar die een ding verander as die ander verander.	Navorsing toon 'n duidelike korrelasie tussen armoede en misdaad.
correspond	verb	to be compatible, similar or consistent.	The witness's story corresponds to what can be seen on the video.	korrespondeer	ww.	om versoenbaar, soortgelyk of konsekwent te wees.	Die getuie se storie korrespondeer met wat op die video is.
create	verb	to cause something new or original to happen or exist.	Government promised to create more jobs.	skep	ww.	om iets nuuts of oorspronklik te laat gebeur of tot stand te bring.	Die regering het belowe om meer werkgeleenthede te skep.
criterion	noun	a characteristic in terms of which something can be evaluated.	The performance management system defines the criteria by which employees are evaluated.	maatstaf	nw.	'n kenmerk ten opsigte waarvan iets geëvalueer kan word.	Die prestasiebestuurstelsel het die maatstaf omskryf waarvolgens werknemers geëvalueer word.
crucial	adj	of extreme importance.	Donations of food are crucial to the survivors of the flood.	kritiek	b.nw.	uiters belangrik.	Bloedskenking is kritiek vir die oorlewendes van die vloed.
cultivate	verb	to develop a way of thinking or behaving.	Video games are claimed to cultivate violence in some children.	ontwikkel	ww.	om 'n nuwe manier van dink of optree te ontwikkel.	Daar word beweer dat videospelletjies geweld in sommige kinders ontwikkel.

culture	noun	a particular society at a particular time and place.	Piercing of body parts is not a modern phenomenon; it has been practiced by ancient cultures.	kultuur	nw.	'n besondere gemeenskap op 'n bepaalde tydstip en plek.	Die skiet van gaatjies in liggaamsdele is nie 'n moderne verskynsel nie; dit is reeds deur antieke kulture beoefen.
culture	noun	the customs, social institutions, beliefs and arts shared by a particular society or civilisation.	Khoi-San culture is still preserved in rock paintings.	kultuur	nw.	die gebruike, sosiale instellings, gelowe en kunste wat deur 'n besondere maatskappy of beskawing gedeel word.	Die kultuur van die Khoi-San word in rotstekeninge bewaar.
culture	noun	activities such as art, music, literature, etc. which are considered important to a civilisation at a particular time.	The popular culture festival in Johannesburg is drawing thousands of visitors.	kultuur	nw.	aktiwiteite soos kuns, musiek, letterkunde, ens. wat geag belangrik te wees vir 'n beskawing op 'n bepaalde tydstip.	Die gewilde kultuurfees in Johannesburg trek duisende besoekers.
currency	noun	the metal or paper medium of exchange that is used at present.	The South African currency unit is the Rand.	geldeenheid	nw.	die metaal- of papiermedium van wisseling wat op die oomblik gebruik word.	Die Suid-Afrikaanse geldeenheid is die Rand.
currency	noun	an idea, word or custom which is accepted and used by many people.	The word "braai" has gained currency among English speakers.	gebruik	nw.	'n idee, woord of gebruik wat deur baie mense aanvaar en gebruik word.	Die woord "braai" word ook deur Engelssprekendes gebruik.
cycle	noun	a periodically repeated sequence of events.	The prize is awarded in four-year cycles. This year it is awarded for autobiographies.	siklus	nw.	'n reeks gebeure wat periodiek herhaal word.	Die prys word in vierjaarsiklusse toegeken. Vanjaar word dit vir outobiografieë toegeken.
cycle	noun	one complete series of movements that completes an electrical, mechanical or electronic process.	They belong to the group of Protozoa, which have a double cycle of existence: (1) a sexual cycle in the body of the mosquito, (2) an asexual cycle in the blood of human beings	siklus	nw.	een reeks bewegings wat 'n elektriese, meganiese of elektroniese proses ondergaan.	Hulle behoort aan die protosoëgroep wat 'n dubbele lewenssiklus het: (1) 'n geslagtelike siklus in die liggaam van die muskiet, (2) 'n ongeslagtelike siklus in die bloed van die mens.
data	noun	information, facts, measurements or observations which are examined to find out things.	A questionnaire will be used to collect the data.	data (mv.)	nw.	inligting, feite, afmetings of observasies wat ondersoek word om dinge uit te vind.	'n Vraelys sal gebruik word om die data te versamel.
debate	verb	a discussion with reasons for and against some proposal so that you can make a decision or solve a problem.	Today the Department of Social Security will debate the provision of child support grants.	debatteer	ww.	'n bespreking met redes vir of teen 'n voorstel sodat jy 'n besluit kan maak, of 'n probleem kan oplos.	Vandag gaan die Departement van Maatskaplike Sekerheid die verskaffing van kindertoelaes debatteer.
debate	noun	a discussion on a subject about which people's opinions differ.	The debate about "fundamentals" dominated the sitting of Parliament today.	debat	nw.	'n bespreking oor 'n onderwerp waaroor mense se sienings verskil.	Die debat oor fundamentele faktore het die sitting in die parlement oorheers.
decade	noun	a period of 10 years.	She taught at the university for over a decade.	dekade	nw.	'n tydperk van 10 jaar.	Sy het vir meer as 'n dekade by die universiteit klasgegee.

decline	verb	to become smaller, fewer or weaker.	The number of new army recruits has declined from 20 000 to 13 000 a year.	verminder	ww.	om kleiner, minder of swakker te word.	Die getal nuwe weermagrekrute het vanaf 20 000 tot 13 000 per jaar verminder.
decline	noun	a gradual lessening in the quantity, quality or importance of something.	There has been a decline in enthusiasm for long-term research projects.	vermindering	nw.	'n geleidelike vermindering in die hoeveelheid, kwaliteit of belangrikheid van iets.	Daar was 'n vermindering in die entoesiasme vir langtermynnavorsingsprojekte.
decrease	verb	to continuously become fewer in number or less in value.	The population of the area has decreased drastically.	daal	ww.	om aanhoudend in getal of waarde te daal.	Die bevolking in die gebied het drasties gedaal.
decree	noun	an official order from a government or ruler that becomes the law.	The decree guaranteed freedom of speech for the media.	dekreet	nw.	'n amptelike bevel van 'n regering of heerser wat wet geword het.	Die dekreet het vryheid van spraak vir die media gewaarborg.
dedicate	verb	to say that a book, film, or piece of music was written, made, or composed to show affection or respect for a particular person or people.	I would like to dedicate my first book to my mother.	opdra	ww.	om te meld dat 'n boek, film of musiekstuk geskryf, gemaak of gekomponeer is om waardering of respek vir 'n besondere persoon of mense te betoon.	Ek wil graag my eerste boek aan my moeder opdra.
dedicate	verb	to devote time and effort to something	He dedicated his life to justice for his fellow human beings.	wy	ww.	om tyd en moeite aan iets te spandeer.	Hy het sy lewe aan geregtigheid vir sy medemens gewy.
deduce	verb	to form an opinion based on the information or evidence available.	Students sometimes deduce their own meaning through the poems.	aflei	ww.	om 'n opinie te vorm gebaseer op die bewyse wat beskikbaar is.	Studente lei hul eie betekenis uit die gedigte af.
defer	verb	to delay until a later time.	She deferred her decision to a later date.	uitstel	ww.	om iets tot later uit te stel.	Sy het haar besluit tot 'n later datum uitgestel.
defer	verb	to yield to somebody's judgement, usually because of respect.	When asked about possible solutions he deferred to the experts.	eerbiedig	ww.	om iemand se oordeel in ag te neem, gewoonlik uit respek.	Toe hy gevra is vir moontlike oplossings het hy die kundiges eerbiedig.
deficient	adj	not containing or having enough of something that is needed for proper functioning.	This diet is deficient in vitamin A and C.	gebreklig	b.nw.	bevat nie genoeg van wat nodig is om behoorlik te funksioneer nie.	Hierdie dieet is gebreklig aan vitamien A en C.
define	verb	to provide the characteristics of something to distinguish it from other things.	In the introduction to your dissertation you need to define core concepts.	omskryf	ww.	om die kenmerke van iets te verskaf om dit van ander dinge te onderskei.	In die inleiding van jou tesis moet jy kernbegrippe omskryf.
definite	adj	precise; explicit and clearly defined.	The website offers no definite answers to my questions about the software.	presiese	b.nw.	presies; eksplisiet en duidelik omskryf.	Die webwerf bied geen presiese antwoorde op my vrae oor die sagteware nie.
definition	noun	exact statement of the meaning of something.	A training group is by definition a group that participants join to learn, usually through experience.	definisie	nw.	presiese verklaring van die betekenis van iets.	'n Opleidingsgroep is per definisie 'n groep waarby deelnemers aansluit om iets te leer, gewoonlik deur ondervinding.

deliberate	verb	to think very carefully about something so that you can make a decision.	After having deliberated for two hours, the committee decided to support the motion.	kajuitraad hou	ww.	om iets versigtig te oorweeg sodat jy 'n besluit kan maak.	Nadat die komitee vir twee uur kajuitraad gehou het, het hulle besluit om die mosie te steun.
deliberate	adj	slow and careful, e.g. a movement, thought or speech.	The police force made a deliberate attempt at reducing crime in the area.	opsetlike	b.nw.	stadige en versigtige beweging, gedagte of spraak.	Die polisie het 'n opsetlike poging aangewend om misdaad in die omgewing te verminder.
deliberation	noun	the process of carefully discussing something.	To give time for raising funds and deliberation, the property was re-let for a year to the original purchaser.	raadpleging	nw.	die proses om iets deeglik te bespreek.	Ten einde tyd toe te laat vir fondsinsameling en raadpleging is die eiendom weer vir 'n jaar aan die oorspronklike koper verhuur.
demonstrate	verb	to show or prove something.	The figure below demonstrates the extent to which the land became less arable.	vertoon	ww.	om iets te bewys of te vertoon.	Die getal hieronder vertoon die mate waartoe die land minder bewerkbaar geword het.
demonstrate	verb	to show that you have a skill, quality, ability or feeling.	She demonstrated her love for children by volunteering at an orphanage.	demonstreer	ww.	om te wys dat jy 'n vaardigheid, eienskap, vermoë of gevoel het.	Sy het haar liefde vir kinders gedemonstreer deur vrywillig by 'n kinderhuis te werk.
denote	verb	to give a sign or indication of.	On the periodic table the element sodium is denoted by the symbol Na.	aandui	ww.	om 'n teken of aanduiding te gee.	Op die periodieke tabel word die element natrium deur die simbool Na aangedui.
denote	verb	to mean.	The acronym <i>AIDS</i> denotes Acquired Immune Deficiency Syndrome.	beteken	ww.	om te beteken.	Die akroniem vigs beteken verworwe immuuniteitsgebreksindroom.
dense	adj	when a piece of writing is difficult to understand because it contains a great many ideas and information, and uses difficult language.	Her writing is so dense that only other experts in the field understand it.	dig	b.nw.	wanneer skryfwerk moeilik is om te verstaan omdat dit baie idees en inligting bevat en in moeilike taal geskryf is.	Haar skryfwerk is so dig dat dit alleenlik deur kundiges in die gebied begryp word.
dense	adj	containing many people or objects with little space between them.	The path became more indistinct with each step, eventually coming to an end in dense underbrush.	digte	b.nw.	bevat baie mense of voorwerpe met min spasie tussen hulle.	Die pad het al hoe meer onduidelik geword en uiteindelik in digte ruigtes opgehou.
deny	verb	to declare that something is untrue.	He denied that he cheated during the test.	ontken	ww.	om te verklaar dat iets onwaar is.	Hy het ontken dat hy gedurende die toets gekul het.
deny	verb	to reject something as false and to refuse to believe, accept or acknowledge something.	The company denied responsibility for the accident.	ontken	ww.	om iets as vals te verwerp en om te weier om te glo aan iets, dit te aanvaar of te erken.	Die maatskappy het verantwoordelikheid vir die ongeluk ontken.
depress	verb	to make the value of prices or wages lower.	Food aid usually depresses food prices in the benefitting country.	onderdruk	ww.	om die waarde van pryse of lone laer te maak.	Voedselhulp onderdruk gewoonlik kospryse in die land wat die hulp ontvang.
derive	verb	calculate, discover or establish something using the available information.	The great problem for the Realists is how to derive the individual from the universal.	aflei	ww.	bereken, ontdek of stel iets vas deur die beskikbare inligting te gebruik.	Die groot probleem vir die Realiste is hoe om die individuele van die universele af te lei.
describe	verb	to give an account of what something is like.	Describe in detail how a solar-powered geyser works.	beskryf	ww.	om 'n verslag te gee oor hoe iets is.	Beskryf in detail hoe 'n sonaangedrewe geiser werk.
description	noun	speech or writing that gives an account of what something is like.	He obtained a full description of the man and his vehicle and the license plate number.	beskrywing	nw.	spraak of skryfwerk wat 'n verslag gee oor hoe iets is.	Hy het 'n volledige beskrywing van die man, sy voertuig en die lisensienommer gekry.

design	noun	the way that something looks, works or is used.	The new arts building has an art nouveau design.	ontwerp	nw.	die manier hoe iets lyk, werk of gebruik word.	Die nuwe kunstegebou het 'n art nouveau-ontwerp.
design	noun	a detailed drawing or plan of something to show how it will work and how you will make it.	She submitted a number of designs for the fashion show in September.	ontwerp	nw.	'n gedetailleerde tekening of plan van iets om te wys hoe dit sal werk en hoe jy dit sal maak.	Sy het 'n aantal ontwerpe vir die modeskou in September ingedien.
design	noun	an overall plan or intention that you have in your mind when you do something.	It was unclear whether the explosion was an accident or whether it happened by design.	plan	nw.	'n oorsigtelike plan of bedoeling wat jy in jou gedagte het wanneer jy iets doen.	Dit was nie duidelik of die ontploffing 'n ongeluk was en of dit volgens 'n plan uitgevoer is nie.
design	verb	to make a drawing, plan or model of something from which the thing can be built or made.	The software engineers will design a text to speech app for the new cell phone.	ontwerp	ww.	om 'n tekening, plan of model van iets te maak waarvolgens die ding gebou of gemaak kan word.	Die sagteware-ingenieurs sal 'n teks-tot-spraak-toep. vir die nuwe selfoon ontwerp.
design	verb	to plan or develop something that is intended for a specific purpose.	The syllabus was designed for the five-year programme.	ontwikkel	ww.	om iets te beplan of te ontwikkel wat vir 'n besondere doelwit bedoel is.	Die leerplan is ontwikkel vir die vyf-jaar-program.
detect	verb	to discover or determine.	The disease can be cured if it is detected early.	opspoor	ww.	om iets te ontdek of te bepaal.	Die siekte kan genees word indien dit vroegtydig opgespoor word.
determine	verb	to discover the facts about something.	The financial needs of students must be determined.	bepaal	ww.	om die feite oor iets vas te stel.	Die studente se finansiële behoeftes moet bepaal word.
detriment	noun	disadvantage or damage, harm or loss.	Writing skills are given too much importance to the detriment of speaking skills.	nadeel	nw.	nadeel, skade of verlies.	Skryfvaardighede kry meer aandag – tot die nadeel van spraakvaardighede.
develop	verb	gradually grow or become bigger.	The sprout developed into a flower.	ontwikkel	ww.	om geleidelik te groei of groter te word.	Die saailing het in 'n blomplant ontwikkel.
develop	verb	to produce a new system, method, product, etc.	The company developed a new system to use less electricity.	ontwikkel	ww.	om 'n nuwe stelsel, metode, produk, ens. te verskaf.	Die maatskappy het 'n nuwe stelsel ontwikkel om minder krag te verbruik.
deviate	verb	to do something differently from the accepted way of doing it.	The plane was forced to deviate from its usual route because of a storm.	afwyk	ww.	om iets op 'n ander manier as die aanvaarde metode te doen.	Die vliegtuig is gedwing om van sy gewone roete af te wyk as gevolg van 'n storm.
device	noun	an instrument or appliance invented for a particular purpose.	Internet access is now available on a variety of hand-held devices.	toestel	nw.	'n instrument of toestel wat vir 'n besondere doel ontwerp word.	Toegang tot die internet is beskikbaar op 'n verskeidenheid handtoestelle.
devise	verb	to plan, create, work out or invent something (a system, plan, machine, etc.) complicated or clever in your mind.	The engineer devised a clever plan to save the bridge from the flood waters.	uitdink	ww.	om iets ('n stelsel, plan, masjien, ens.) ingewikkeld of slim te beplan, skep of uit te vind.	Die ingenieur het 'n slim plan uitgedink om die brug van vloedwater te beskerm.
devote	verb	to give most of your attention or time to someone or something.	He devoted himself to educating street children.	toewy	ww.	om meeste van jou aandag of tyd aan iemand of iets te gee.	Hy het homself toegewy daaraan om straatkinders te onderrig.

devote	verb	to use a certain amount of space or time in a piece of writing/speech on a particular subject.	The first part of the dean's speech was devoted to explaining the university's language policy.	toewy	ww.	om 'n sekere hoeveelheid plek of tyd in 'n stuk skryfwerk of toespraak aan 'n besondere onderwerp af te staan.	Die eerste gedeelte van die dekaan se toespraak is daaraan toegewy om die universiteit se taalbeleid te verduidelik.
diagram	noun	a simple line drawing, sketch or plan which explains or illustrates what something (a machine, a process, etc.) looks like or how it works.	The diagrams in the engineering textbook made the work easier to understand.	diagram	nw.	'n eenvoudige lyntekening, skets of plan wat iets ('n motor, proses, ens.) verduidelik/illustreer of hoe dit werk.	Die diagramme in die Ingenieurswesehandboek maak die werk makliker om te begryp.
dictate	verb	to tell someone how they should behave and what they must do.	The education department dictates many things to schools.	voorskryf	ww.	om iemand te vertel hoe hulle hulself moet gedra en wat hulle moet doen.	Die onderwysdepartement skryf baie dinge aan skole voor.
dictate	verb	to control how something happens.	Her selection of research sites was dictated by availability.	bepaal	ww.	om te beheer hoe iets gaan gebeur.	Haar keuse van navorsingsterreine is deur die beskikbaarheid daarvan bepaal.
differ	verb	be different from something or somebody.	The third set of data differed considerably from the second set of data.	verskil	ww.	om van iets of iemand te verskil.	Die derde stel data het beduidend van die tweede stel verskil.
differentiate	verb	to recognise or show what makes one thing different from another.	In some countries tax law differentiates between married and unmarried individuals.	onderskei	ww.	om te wys hoe een ding van 'n ander verskil/onderskei kan word.	In sekere lande maak die inkomstebelastingwet 'n onderskeid tussen getroude en ongetroude mense.
diffuse	verb	to make available and spread knowledge, ideas, information, etc. over a wide area or to many people.	The facts about AIDS have been diffused across rural Africa.	versprei	ww.	om kennis, idees, inligting, ens. oor 'n wye gebied of aan baie mense te versprei.	Die feite oor vigs is dwarsdeur landelike Afrika versprei.
diffuse	adj	spread out over a large area.	The diffuse population in the rural area was difficult to reach by health care workers.	verspreide	b.nw.	uitgesprei oor 'n groot gebied.	Die gesondheidsorgwerkers het probleme gehad om die verspreide bevolking op die platteland te bereik.
diffuse	adj	vague, indirect or difficult to understand or explain.	The translation, which is diffuse and by no means close, fails to reproduce the spirit of the original.	omslagtig	b.nw.	vaag, indirek of moeilik om te verstaan of te verduidelik.	Die vertaling, wat omslagtig is, wyk te ver af van die gees van die oorspronklike.
digest	verb	to think about information, especially if there is a lot of it or it is difficult to understand, so that you can understand it.	He found the feedback hard to digest.	verwerk	ww.	om oor inligting na te dink, veral as daar baie inligting is of as dit moeilik is om te verstaan.	Hy het die terugvoer moeilik verwerk.
dimension	noun	a feature distinguishing objects or people.	The dimension of quality has not been included in the evaluation instrument.	dimensie	nw.	'n kenmerk wat voorwerpe of mense van mekaar onderskei.	Die dimensie van gehalte is nie in die evalueringsinstrument ingesluit nie.
diminish	verb	to become less or weaker.	The capacity for the enjoyment of the rights to life and human dignity is significantly diminished by poor health.	verminder	ww.	om minder of swakker te word.	Die vermoë om die reg tot lewe en menswaardigheid te geniet word aansienlik verminder as mens nie goeie gesondheid geniet nie.

discern	verb	to be aware of something or understand it after looking at it or thinking about it carefully.	Kant discerned an overall pattern in human history.	waarneem	ww.	om bewus te word van iets, of om dit beter te verstaan nadat jy dit goed bekyk het of goed daaroor nagedink het.	Kant het 'n algehele patroon in menslike geskiedenis waargeneem.
discourse	noun	a point of view shared by a specific social group, often expressed in writing.	She contributed to the discourse on liberalism in Africa.	diskoers	nw.	'n mening wat deur 'n besonder sosiale groep gedeel word, dikwels op skrif gestel.	Sy het 'n bydrae tot die diskoers oor liberalisme in Afrika gemaak.
discourse	noun	the language used in a particular context.	In scientific discourse it is essential to give hard facts and evidence.	diskoers	nw.	die taal wat in 'n besondere konteks gebesig word.	Dit is belangrik om slegs feite en bewyse in wetenskaplike diskoers te verskaf.
discrete	adj	making up a separate entity or part.	As I didn't want to be seen I walked a discrete distance behind her.	diskreet	b.nw.	om 'n afsonderlike entiteit of deel te vorm.	Aangesien ek onopsigtelik wou wees, het ek haar op 'n diskrete afstand gevolg.
discuss	verb	to talk or write about something in detail.	The research findings were discussed in detail in his doctoral thesis.	bespreek	ww.	om oor iets in besonderhede te praat of te skryf.	Die navorsingsbevindinge is in detail in sy doktoraal bespreek.
discuss	verb	to consider a problem or an issue from more than one point of view.	The essay discussed the pros and cons of euthanasia.	uiteensit	ww.	om 'n probleem of 'n saak vanuit meer as een oogpunt te oorweeg.	Die artikel het die voor- en nadele van genadedood uiteengesit.
disperse	verb	to separate and spread something in different directions.	The security guards dispersed the angry crowd outside the bank.	uiteendryf	ww.	om iets in verskillende rigtings te dryf.	Die veiligheidswagte het die woedende betogers buite die bank uiteengedryf.
disperse	verb	to spread over a wide area.	The seeds of the dandelion plant are dispersed by the wind.	versprei	ww.	om oor 'n wye gebied te versprei.	Die sade van die perdeblom word deur die wind versprei.
displace	verb	to cause to move, usually with force or pressure.	In her autobiography she writes about having been displaced many times during her school career.	verplaas	ww.	om verplig te word om van een plek na 'n ander te skuif.	In haar outobiografie skryf sy hoeveel keer hulle gedurende haar skoolloopbaan verplaas is.
display	verb	to show in order to communicate a particular idea.	Learners displayed their projects at the science expo.	ten toon stel	ww.	om iets te wys ten einde 'n besondere idee oor te dra.	Leerders het hulle projekte by die wetenskapuitstalling ten toon gestel.
dispose	verb	to throw away.	Domestic waste is disposed of by municipal services.	verwyder	ww.	om iets weg te gooi.	Huishoudelike afval word deur munisipale dienste verwyder.
dispose	verb	to transfer control of something, for example by selling it.	The trust may not dispose of its assets unless all the trustees are in support.	verhandel	ww.	om beheer oor iets aan iemand anders oor te dra, byvoorbeeld deur dit te verkoop.	Die trust mag nie sy bates verhandel alvorens al die trustees daartoe instem nie.
dispose	verb	likely to deal with a problem, task or question.	The research claims that people are more favourably disposed to those with similar personalities.	goedgesind wees	ww.	meer geneig om met 'n probleem, taak of vraag klaar te speel.	Die navorsing maak aanspraak daarop dat mense meer goedgesind is teenoor mense wat soos hulself is.
disposition	noun	the natural qualities of a person's character.	His disposition was to always see the good in other people.	geaardheid	nw.	die natuurlike aard van 'n persoon.	Dit is sy geaardheid om altyd die goeie in ander mense te sien.
dispute	noun	an argument or disagreement between countries, people or groups.	The two countries are involved in a border dispute.	geskil	nw.	'n argument of meningsverskil tussen lande, mense of groepe.	Die twee lande is in 'n grensgeskil betrokke.

dispute	verb	to be argued about or questioned.	These matters are in dispute.	betwis	ww.	om oor te argumenteer of te bevraagteken.	Hierdie kwessies word in twyfel betwis.
dispute	verb	to question whether something is true.	They do not dispute whether God exist, but what he is.	betwyfel	ww.	om te bevraagteken of iets waar is.	Hulle betwyfel nie dat God bestaan nie, maar bevraagteken sy wese.
dissertation	noun	a longish piece of writing about a particular subject that is done to earn an advanced degree at a university [also see thesis below]	An example of a dissertation is a document that a postgraduate student writes to complete a master's programme or degree.	verhandeling	nw.	'n langerige stuk skryfwerk wat oor 'n besondere onderwerp handel wat onderneem word om 'n gevorderde graad by 'n universiteit te behaal (sien ook tesis).	'n Voorbeeld van 'n verhandeling is 'n dokument wat 'n nagraadse student skryf om 'n magisterprogram of -graad te voltooi.
dissipate	verb	to scatter or make something become less strong until it disappears completely.	His fear dissipated when he met his opponent face to face.	verdwyn	ww.	om iets te verstrooi of minder sterk te maak totdat dit heeltemal verdwyn.	Sy vrees het verdwyn toe hy sy teenstander van aangesig tot aangesig ontmoet het.
dissolve	verb	to officially end or break up an organisation or institution.	The marriage was dissolved in 1954.	ontbind	ww.	om amptelik 'n organisasie of 'n instelling te beëindig.	Die huwelik is in 1954 ontbind.
distinct	adj	clearly different, separate or of a different type from something.	The distinct characteristics of the diplodocus (a dinosaur) is described in this chapter.	unieke	b.nw.	'n ander of 'n verskillende vorm van iets anders.	Die unieke kenmerke van die diplodokus ('n dinosaurus), word in hierdie hoofstuk omskryf.
distinct	adj	a clear and definite thought, feeling, intention, etc.	The professor had distinct ideas about how a research project should be run.	eie	b.nw.	'n duidelik onderskeibare gedagte, gevoel, bedoeling, ens.	Die professor het sy eie idees oor hoe 'n navorsingsprojek moet verloop.
distinction	noun	a clear difference.	A distinction is made between written and spoken language.	onderskeid	nw.	'n duidelike verskil.	'n Onderskeid word tussen geskrewe en gesproke taal gemaak.
distinctive	adj	having a quality or characteristic that makes something different.	The lemon juice will give the dish a distinctive flavour.	besondere	b.nw.	as iets 'n kenmerk het wat dit anders as 'n ander ding maak.	Suurlemoensap sal daardie gereg 'n besondere geur gee.
distort	verb	to change the shape of something.	Her face was distorted with anger as she ran out of the room.	verwring	ww.	om die vorm van iets te verander.	Haar gesig was verwronge van woede toe sy uit die kamer storm.
distort	verb	to report or explain a fact, statement, idea, etc. so that its real meaning changes and it becomes untrue.	He was accused of distorting the facts in his testimony.	verdraai	ww.	om 'n feit, stelling, idee, ens. so te verduidelik dat die ware betekenis verdoesel word.	Hy is daarvan beskuldig dat hy die feite in sy getuienis verdraai het.
distribute	verb	to divide or share out things such as food, medicine, books etc. among several people.	Volunteers distributed food to the starving victims of famine.	versprei	ww.	om iets uit te deel (bv. kos, medisyne, boeke) tussen verskillende mense.	Vrywilligers het kos onder die slagoffers van die hongersnood versprei.
distribute	verb	to spread over a certain area.	The seeds must be distributed evenly over the flowerbed.	versprei	ww.	om iets oor 'n wye gebied te versprei.	Die sade moet eweredig oor die bedding versprei word.
distribution	noun	the way that something is spread over a certain area.	The food and clothes are collected for distribution among the needy.	verspreiding	nw.	die manier waarop iets oor 'n sekere gebied versprei word.	Kos en kleres word ingesamel om onder die behoeftiges versprei te word.

diverge	verb	to separate and go in different directions.	The path follows the course of the river for a while, but diverges from the river in order to head into town.	wegdraai	ww.	om uitmekaar en in 'n ander rigting te gaan.	Die pad volg die loop van die rivier vir 'n ent, maar draai dan weg na die dorp toe.
diverge	verb	when something that used to be the same or similar to something else becomes different or develops differently.	We used to work together, but at a certain point our interests diverged and we had to part company.	skei	ww.	wanneer iets wat dieselfde was anders word.	Ons het altyd saam gewerk, maar toe het ons belange geskei en het ons paaie uitmekaar geloop.
diverse	adj	very different from one another.	The region was occupied by many diverse tribes.	uiteenlopende	b.nw.	baie verskillend van mekaar.	Die gebied is deur baie uiteenlopende stamme beset.
diversity	noun	range of people or things that are very different from one another.	There is a diversity of languages being taught at the university.	verskeidenheid	nw.	reeks mense of dinge wat baie van mekaar verskil.	'n Verskeidenheid tale word aan die universiteit onderrig.
division	noun	the process of dividing things into different groups or parts.	According to Marx the division between rich and poor determined all other issues.	verdeling	nw.	die proses om dinge in verskillende groepe of dele te verdeel.	Volgens Marx bepaal die verdeling tussen ryk en arm alle ander sake.
doctrine	noun	a set of beliefs or principles, especially ones that form a main part of a philosophy, religion, etc.	My purpose in this chapter will not be to persuade the reader of any political doctrine.	leerstelling	nw.	'n stel opvattinge of beginsels, veral dié wat die kern van 'n filosofie, godsdiens, ens. vorm.	My doel in hierdie hoofstuk is nie om die leser na enige leerstelling te bekeer nie.
document	noun	printed text and graphics for a specific purpose, e.g. to provide information.	These documents will serve as proof in the court case.	dokument	nw.	gedrukte teks en grafika met 'n besondere doel, bv. om inligting te verskaf.	Hierdie dokumente sal dien as bewysstukke in die hofsak.
document	verb	to create a record of.	The phenomenon has been documented by various researchers.	dokumenteer	ww.	om 'n rekord van iets te skep.	Die verskynsel is deur verskeie navorsers gedokumenteer.
domain	noun	area of knowledge or activity.	Based on his research, the domain of epidemic diseases of plants was opened up to investigation.	domein	nw.	gebied van kennis of 'n aktiwiteit.	Sy navorsing het die domein van epidemiese plantsiektes vir ondersoek oopgestel.
dominate	verb	to control or have a strong influence over something or someone.	It was important to France to dominate the valleys of the Alps and the Rhine.	oorheers	ww.	om 'n sterk invloed oor iets of iemand te hê.	Dit was belangrik vir Frankryk om die vallei van die Alpe en die Ryn te oorheers.
dominate	verb	to be the most important person or thing in a situation.	AIDS issues dominate debates on primary health care in South Africa.	domineer	ww.	om die belangrikste persoon of ding in 'n situasie te wees.	Kwessies oor vigs domineer debatte oor primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika.
doubt	verb	to be sceptical about.	There is sufficient evidence to doubt her claims.	twyfel	ww.	om skepties oor iets te wees.	Daar is genoegsame bewys om haar aansprake te betwyfel.
doubt	noun	scepticism, a measure of distrust.	Some doubt has been cast upon the authenticity of the painting.	twyfel	nw.	skeptisisme, 'n mate van wanvertroue.	Twyfel is gesaai oor die egtheid van die skildery.
draft	verb	to compile a first or preliminary version.	She drafted a preliminary version of the report.	saamstel	ww.	om 'n eerste of voorlopige weergawe van iets saam te stel.	Sy het 'n voorlopige verslag saamgestel.
draft	noun	any version of a document before the final version.	You must submit your first draft to your tutor.	konsep	nw.	enige weergawe van 'n dokument voor die finale weergawe.	Jy moet die eerste konsep aan jou studieleier voorlê.
duration	noun	the period of time during which something continues.	For the duration of the lecture, students were not allowed to leave the lecture hall.	duur	nw.	die tydperk waartydens iets gebeur.	Studente is nie toegelaat om die lokaal vir die duur van die lesing te verlaat nie.

dynamic	noun	the way in which things or people behave, react and change one another, usually plural.	His book was the first successful attempt to deal with the dynamics of a system.	dinamika	nw.	die manier waarop dinge of mense optree, regeer of mekaar verander.	Sy boek was die eerste suksesvolle poging om die dinamika van die stelsel te hanteer.
dynamic	noun	something that causes change or action.	Capitalism is a dynamic of economic change.	stukrag	nw.	iets wat veroorsaak dat iets anders verander.	Kapitalisme is een stukrag van ekonomiese verandering.
dynamic	adj	full of energy, new and exciting ideas and ambitious.	He was a dynamic doctor who revitalised the whole clinic.	dinamiese	b.nw.	vol energie, nuwe en opwindende idees, ambisieus.	Hy was 'n dinamiese dokter wat nuwe lewe in die kliniek geblaas het.
dynamic	adj	active, energetic and continuously moving or changing.	Educational reform has to be a dynamic process to keep up with students' changing needs.	dinamiese	b.nw.	aktief, energiek en voortdurend aan verander of aan die beweeg.	Opvoedkundige hervorming moet 'n dinamiese proses wees om by studente se veranderende behoeftes by te hou.
economic	adj	connected with the trade, industry or development of wealth of a country.	The relative value of currency is directly linked to the economic stability of a country.	ekonomiese	b.nw.	wat verband hou met die handelsbedrywe of ontwikkeling van die welvaart van 'n land.	Die relatiewe waarde van hul geldeenheid is direk gekoppel aan die ekonomiese stabiliteit van 'n land.
economic	adj	providing sufficient profit to continue.	The mining group must investigate more economic ways of extracting ore.	ekonomiese	b.nw.	om genoeg wins te verskaf om voort te gaan.	Die mynbougroep moet meer ekonomiese maniere ondersoek waarop erts gemyn kan word.
economy	noun	the system of production, distribution and consumption.	The economy suffered because of a cycle of droughts and floods.	ekonomie	nw.	die stelsel van produksie, verspreiding en verbruik.	Die ekonomie het onder 'n siklus van droogtes en vloede gely.
economy	noun	sparsity, the use of the minimum resources.	The diesel engine performs the same as petrol engines, but with greater fuel economy.	ekonomie	nw.	skaarsheid, die gebruik van die minimum hulpbronne.	Die dieselenjin werk net soos petrolienjins, maar met groter brandstofekonomie.
edit	verb	to correct, adapt and decide what to include in an article, book, piece of film, etc. in order to prepare it for publication or broadcasting.	She edited the student magazine before it was sent to the printers.	redigeer	ww.	om 'n artikel, boek, film, ens. te korreger of aan te pas ten einde dit vir publikasie of uitsending voor te berei.	Sy het die studentetydskrif geredigeer voordat dit na die drukkers gestuur is.
effect	noun	result or influence.	The article deals with the effects of global warming on Sub-Saharan Africa.	uitwerking	nw.	resultaat of invloed.	Die artikel handel oor die uitwerking van aardverwarming op Afrika suid van die Sahara.
effective	adj	having the qualities or resources required to meet a task.	Combining different teaching methods in the classroom is more effective than using only one.	effektief	b.nw.	om die eienskappe of hulpbronne te hê om 'n taak uit te voer.	'n Kombinasie van verskillende onderrigmetodes in die klaskamer is meer effektief as slegs een metode.
efficacy	noun	the ability of something to produce the desired results.	The researchers assessed the efficacy of sports training.	doeltreffendheid	nw.	die vermoë van iets om gewenste resultate te verskaf.	Die navorsers het die doeltreffendheid van sportafrigting geëvalueer.
elaborate	verb	to develop a plan or theory by describing it in greater detail or by giving new information about it.	In a follow-up report the company elaborated on the implementation of its strategy to increase productivity.	uitgebrei	ww.	om 'n plan of 'n teorie te ontwikkel deur dit in meer besonderhede te beskryf of om nuwe inligting daaroor te verskaf.	In 'n opvolgverslag het die maatskappy oor die implementering van sy strategie om produktiwiteit te verhoog, uitgebrei.

elaborate	adj	very detailed and complex, often with many different connected parts, carefully prepared.	The scientists spent years developing an elaborate plan to combat malaria.	uitgebreide	b.nw.	uitgebreid en kompleks, dikwels met baie verskillende dele, versigtig beplan.	Die wetenskaplikes het jare spandeer om 'n uitgebreide plan te ontwikkel om malaria te beveg.
element	noun	one of the individual parts making up a larger entity.	The building of a new student centre is the key element in the rector's plan to upgrade the campus.	element	nw.	een van individuele onderdele wat 'n groter geheel opmaak.	Die oprigting van 'n nuwe studentesentrum is die sleutelement in die rektor se plan om die kampus op te gradeer.
element	noun	the basic or typical parts of something.	The first lecture deals with the elements of good design.	element	nw.	die basiese of tipiese onderdele van iets.	Die eerste lesing gaan oor die elemente van goeie ontwerp.
element	noun	a small quantity of something, such as risk, truth, surprise, etc.	All investments contain an element of risk.	element	nw.	'n klein hoeveelheid van iets soos risiko, die waarheid, 'n verrassing, ens.	Enige belegging bevat 'n risiko-element.
elevate	verb	to give someone or something a more important position.	Her desire was to elevate Russian to a place among the literary languages of Europe.	verhoog	ww.	om iemand of iets 'n belangriker posisie te gee.	Dit was haar begeerte om Russies tot een van die literêre tale van Europa te verhoog.
elevate	verb	to increase the amount, intensity, pressure, etc. of something.	Smoking and obesity can elevate "bad" cholesterol levels.	verhoog	ww.	om die hoeveelheid, intensiteit, druk, ens. van iets meer te maak.	Rook en vetsug kan die vlakke van 'slegte' cholesterol verhoog.
elicit	verb	to do or say something, such as asking questions, to get other people to react or give information.	The use of closed questions elicited specific information concerning the demographic characteristics of the respondents.	uitlok	ww.	om iets te doen of te sê, soos om vrae te vra, om ander mense sover te kry om te reageer of om inligting te verskaf.	Die gebruik van geslote-antwoordvrae het spesifieke inligting oor die demografiese kenmerke van die respondente uitgelok.
eliminate	verb	end, take out or do away with.	Writers should always use spell-checkers to eliminate unnecessary errors.	elimineer	ww.	om iets te beëindig of om daarmee weg te doen.	Skrywers behoort altyd speltoetsers te gebruik om onnodige spelfoute elimineer.
eloquent	adj	able to express your opinions or ideas well, in speech or in writing, especially in a way that affects other people.	His speeches in the chamber were always eloquent and powerful.	welsprekend	b.nw.	in staat om mening of idees goed uit te druk in spraak of skrif, veral op so 'n manier dat dit ander mense raak.	Sy toesprake in die huis was altyd welsprekend en kragtig.
eloquent	adj	visibly expressive, showing an emotion or meaning without using words.	Her paintings are an eloquent reminder of the power and beauty of nature.	veelseggend	b.nw.	sigbaar uitdrukkingsvol, vertoon emosie of betekenis sonder woorde.	Haar skilderye is 'n veelseggende herinnering aan die mag en prag van die natuur.
embody	verb	to be an expression or symbol of an idea, principle or quality.	Nelson Mandela embodies the spirit of reconciliation.	vergestalt	ww.	om 'n uitdrukking of simbool van 'n idee, beginsel of kenmerk te wees.	Nelson Mandela vergestalt die gees van versoening.
embrace	verb	to include something such as a group of people, ideas or things as part of a subject, discussion or category.	People around the world have turned against their communist regimes and embraced democracy.	aangryp	ww.	om iets soos 'n groep mense, idees of dinge deel van 'n onderwerp, bespreking of kategorie te maak.	Oor die wêreld het mense teen hul kommunistiese regerings gedraai en demokrasie aangegryp.

embrace	verb	to accept something, such as a new opinion, idea or belief and to support it eagerly.	After having embraced Judaism she changed her name to Hadassah.	aangryp	ww.	om iets soos 'n nuwe mening, idee of geloof te aanvaar en dit gretig te steun.	Nadat sy Judaïsme aangegryp het, het sy haar naam na Hadassah verander.
emerge	verb	to come out into view; become clear.	It emerged from the court case that the suspect's fingerprints were on the murder weapon.	blyk	ww.	om duidelik te word.	Dit het uit die hofsak geblyk dat die verdagte se vingerafdrukke op die moordwapen was.
emerge	verb	to become known or recognised; to come into existence.	Microsoft emerged as the leading computer software company.	verrys	ww.	om bekend of erken te word.	Microsoft het verrys as die toonaangewende maatskappy vir rekenaarsagteware.
emphasis	noun	special importance or significance.	Its fundamental characteristic is the emphasis laid upon human reason	klem	nw.	van spesiale belang of betekenis.	Die basiese kenmerk is die klem wat op menslike verstand geplaas word.
emphasise	verb	to stress or highlight.	The dietician emphasised the value of exercise in weight-loss.	benadruk	ww.	om klem op iets te lê of dit uit te lig.	Die dieetkundige het die waarde van oefening by gewigsverlies benadruk.
empirical	adj	derived from experiment and observation in the real world, rather than theory.	The empirical part of her research included interviews with the parents of the patients, and observation of the therapy sessions.	empiriese	b.nw.	soos afgelei uit eksperiment en waarneming in die werklike wêreld, eerder as uit teorie.	Die empiriese deel van haar navorsing sluit in onderhoude met die ouers van die pasiënte en waarneming van terapisessies.
empiricism	noun	the belief that knowledge is based on the evidence of experience or experiments.	Empiricism allows the facts to speak for themselves, and attempts to omit the interpretation of the researcher as far as possible.	empirisme	nw.	die geloof dat kennis op bewyse van ondervinding of eksperimente gebaseer is.	Empirisme laat die feite vir hulself spreek, en poog om so ver moontlik die navorser se vertolking daarvan uit te skakel.
empower	verb	to give more control over someone's life or situation.	Libraries empower pupils by giving them the freedom to make their own choices about reading and learning experiences.	bemagtig	ww.	om meer beheer oor iemand se lewe of situasie te bekom.	Biblioteke bemagtig leerlinge deur hulle die vryheid te gee om hul eie keuses oor lees- en leerervarings te maak.
enable	verb	to provide the means to perform a task.	Free internet access will enable more people to work from home.	stel in staat	ww.	om die middele te voorsien om 'n taak te verrig.	Gratis internettoegang sal meer mense in staat stel om van die huis te werk.
encompass	verb	to include a range or a large number of things	Estuaries encompass broad ecosystems that usually extend many miles beyond the open waters of a bay or lagoon.	insluit/omvat	ww.	om 'n reeks of 'n groot aantal dinge in te sluit.	Estuaries omvat breë ekosisteme wat gewoonlik baie kilometers verder as die oop water van 'n baai of strandmeer strek.
encounter	verb	to come across; find unexpectedly.	They encountered many problems during the pilot phase of the project.	ondervind	ww.	om teë te kom; om onverwags te ondervind.	Hulle het baie probleme tydens die loodsfase van die projek ondervind.
encounter	noun	an unexpected convergence.	There was a violent encounter between the protesters and the government officials.	botsing	nw.	'n onverwagse ontwikkeling.	Daar was 'n gewelddadige botsing tussen die betogers en die staatsamptenare.
energy	noun	the effort and attention which someone uses to do something or achieve something.	He applied all his energies to winning a gold medal in the marathon.	energie	nw.	die moeite en aandag wat iemand gebruik om iets te doen of te bereik.	Hy spandeer al sy energie daaraan om 'n goue medalje in die marathon te wen.
enforce	verb	to compel to behave in a certain way.	Medical law is a tool for enforcing medical ethics.	afdwing	ww.	om gedwing te word om op 'n sekere manier op te tree.	Mediese reg is 'n werktuig wat mediese etiek afdwing.
enhance	verb	to make better or more attractive.	The proposed research should enhance our understanding of Alzheimer's disease.	verhoog	ww.	om beter of meer aantreklik te maak.	Die voorgestelde navorsing behoort ons begrip van Alzheimer se siekte te verhoog.

enlighten	verb	to explain something to someone so that they have a greater knowledge or understanding of it.	I don't know much about the testing process; could you enlighten me?	inlig	ww.	om iets aan iemand te verduidelik sodat hulle dit beter verstaan.	Ek weet nie veel van die toetsproses af nie, kan jy my asseblief inlig?
enrich	verb	to improve the quality of something, usually by adding something to it.	Reading can enrich your understanding and appreciation of a language.	verryk	ww.	om die gehalte van iets te verhoog, gewoonlik deur iets by te voeg.	Lees kan jou begrip en waardering van 'n taal verryk.
ensure	verb	to make certain.	Three data sources were used to ensure the validity of the research.	verseker	ww.	om seker te maak.	Drie databronne is gebruik om die geldigheid van die navorsing te verseker.
entity	noun	a thing which is perceived to have its own distinct existence.	The state and the legal system are separate entities.	entiteit	nw.	'n ding wat sy eie afsonderlike bestaan skyn te hê.	Die staat en die regstelsel is afsonderlike entiteite.
enumerate	verb	to name or mention a list of things one by one.	The question required students to enumerate the causes of black-spot disease on citrus fruit.	opnoem	ww.	om 'n lys van dinge, een vir een, te gee.	Die vraag het van studente vereis om die oorsake van swartvleksiekte by sitrusvrugte op te noem.
environment	noun	surrounding conditions, circumstances, situations, people or events, etc. which affect your life.	The business case study required a thorough analysis of the business environment.	omgewing	nw.	omringende toestande, omstandighede, situasies, mense of gebeure wat jou lewe raak.	Die besigheidsgevallestudie het 'n deeglike ontleding van die besigheidsomgewing vereis.
episode	noun	an event, incident or short period of time during which something specific, important or unusual happens.	During the last episode of the soapie the main character dies.	episode	nw.	'n voorval, insident of kort tydperk waartydens iets besonders, belangrik of ongewoon gebeur.	Die hoofkarakter sterf in die laaste episode van die sepie.
equate	verb	to consider or describe two or more things as the same, similar or closely connected.	In his conference paper he equated discrimination with violence.	gelykstel	ww.	om twee of meer dinge as dieselfde of iets wat verband hou, te beskryf.	In sy kongresreferaat het hy diskriminasie aan geweld gelykgestel.
equilibrium	noun	a controlled balance between opposing forces, influences, aspects of a situation, etc.	His excellent physical and moral equilibrium gave him an evenness of temper .	ewewig	nw.	'n beheerde balans tussen opponerende magte, invloede of aspekte van 'n situasie.	Sy uitstekende fisiese en morele ewewig verskaf sy gelykmatige geaardheid.
equip	verb	to provide somebody with the necessary items to perform a certain function.	The programme equipped him with the knowledge and skills to find employment soon after graduation.	toerus	ww.	om aan iemand die nodige items te gee om 'n sekere funksie uit te voer.	Die program het hom met die kennis en vaardighede toegerus om kort nadat hy gegradueer het, werk te kry.
equivalent	adj	something or someone that has the same value, function, meaning, etc. as something or someone else.	Although they had different responsibilities on the project, they received equivalent pay and recognition.	gelyke	b.nw.	iets of iemand wat dieselfde waarde, funksie, betekenis, ens. as iets of iemand anders het.	Hoewel hulle verskillende verantwoordelikhede by die projek het, het hulle gelyke betaling en erkenning ontvang.
era	noun	time period, usually in history.	We live in an era of globalization and super-diversity.	era	nw.	tydperk, gewoonlik in die geskiedenis.	Ons leef in 'n era van globalisasie en super-diversiteit.
erode	verb	become ground down or deteriorate.	The series of misfortunes eroded his self-confidence.	ondermyn	ww.	om afgebreek of vernietig te word.	Al die ongelukke het sy selfvertroue ondermyn.

err	verb	to make a mistake.	He erred in gossiping about his colleagues to people who knew them personally and was caught out.	fouteer	ww.	om 'n fout te maak.	Hy het gefouteer om oor sy kollegas te skinder by mense wat hulle ken en is uitgevang.
err	verb	to decide to demonstrate too much of a quality, usually a good one.	She decided to err on the side of caution and did not give the hitchhiker a lift.	wees versigtig	ww.	om liewer 'n goeie eienskap na te volg.	Sy het besluit om eerder versigtig te wees en het nie die duimgooier opgelaai nie.
establish	verb	to create or begin something such as an organisation, fund, activity, etc. which is expected to exist or last for a long time.	She established an organisation to feed and clothe the homeless.	vestig	ww.	om iets soos 'n organisasie, fonds, aktiwiteit, ens. te begin wat na verwagting 'n lang ruk sal hou.	Sy het 'n organisasie gevestig om haweloses kos en klere te gee.
establish	verb	to find out the facts that prove something to be true.	A commission of enquiry was established to investigate the matter.	stig	ww.	om feite uit te vind of om iets as waar te bewys.	'n Kommissie van ondersoek is gestig om die saak te ondersoek.
estate	noun	extensive landed property retained by the owner.	Her estate is worth R3 million.	boedel	nw.	uitgebreide grondbesit of -eiendom wat die eienaar behou het.	Haar boedel is R3 miljoen werd.
estimate	verb	to judge the approximate value or number or quantity of something.	A United Nations report estimated the world population at 9.6 billion by 2050.	beraam	ww.	om die benaderde waarde of syfers of hoeveelheid van iets te skat.	'n VN-verslag beraam dat die wêreld teen 2050 'n bevolking van 9.6 miljoen sal hê.
ethic	noun	an idea or moral belief that influences the way you act.	Her work ethic is so strong that she will work through the night rather than miss a deadline.	etiek	nw.	'n idee of morele oortuiging wat die manier waarop jy optree, beïnvloed.	Haar werksetiek is so sterk dat sy deur die nag sal werk eerder as om 'n sperdatum te mis.
ethical	adj	connected with the beliefs about what is right and wrong.	The bank restricts loans to companies that demonstrate ethical behaviour.	etiese	b.nw.	gekoppel aan die besef van wat reg en verkeerd is.	Die bank gee slegs lenings aan maatskappye wat etiese gedrag openbaar.
ethics	noun	principles of right and wrong for an individual or group.	The organisation strongly adheres to a code of ethics.	etiese kode	nw.	beginsels van wat reg en verkeerd is vir 'n individu of 'n groep.	Die organisasie hou by 'n etiese gedragskode.
ethnic	adj	distinctive of the ways of living of a group of people.	South Africa has a wide variety of ethnic groups.	etniese	b.nw.	die kenmerkende manier waarop 'n groep mense saamleef.	Suid-Afrika het 'n wye verskeidenheid etniese groepe.
evaluate	verb	to judge the value of a concept, entity, process, etc. on the basis of facts and/or criteria.	They evaluated various software packages with regard to utility, economy and functionality.	valueer	ww.	om die waarde van 'n idee, entiteit, proses ens. op grond van feite en/of maatstawwe te assessseer.	Hulle het verskeie sagtewarepakkette ten opsigte van gebruik, prys en funksionaliteit geëvalueer.
evaluation	noun	the process of determining quality, ability or significance.	The student evaluations must be completed by the end of the semester.	evaluering	nw.	die proses om gehalte, vermoë of betekenis te assessseer.	Die studente-evaluerings moet teen die einde van die semester voltooi wees.
eventual	adj	expected to happen in the indefinite future.	The eventual aim of land redistribution is to make up for the wrongs of the past.	uiteindelike	b.nw.	word verwag om in die onbepaalde toekoms te gebeur.	Die uiteindelike doel met grondherverdeling is om vir die onregte van die verlede op te maak.

evident	adj	clearly revealed to the mind or the senses or judgement.	It has become evident that mechanisation is not the only answer to a vibrant agricultural economy.	duidelik	b.nw.	soos duidelik gemaak aan die verstand of sintuie of oordeel.	Dit is duidelik dat meganisasie nie die enigste antwoord vir 'n lewendige landbou-ekonomie is nie.
evoke	verb	to produce an image, memory, idea, etc. in someone's mind.	The play evoked memories of a happy childhood.	ontlok	ww.	om 'n beeld, herinnering, idee, ens. in iemand se gedagte op te roep.	Die toneelstuk het herinneringe aan 'n gelukkige kindertyd ontlok.
evolve	verb	to develop gradually.	The project has evolved from a small community project into a nation-wide campaign.	ontvou	ww.	om stadigaan te ontwikkel.	Die projek het van 'n klein gemeenskapsprojek in 'n nasionale veldtog ontvou.
examine	verb	to study an idea or object carefully.	The archaeologist will carefully examine the skeleton recently found in the Eastern Cape to determine its age.	ondersoek	ww.	om 'n idee of voorwerp versigtig te bestudeer.	Die argeoloog sal die skelet wat onlangs in die Oos-Kaap gevind is, deeglik ondersoek om sy ouderdom te bepaal.
exceed	verb	to be better than some standard.	A real object cannot exceed the speed of light.	oorskry	ww.	om beter as die standaard te wees.	'n Werklike voorwerp kan nie die spoed van lig oorskry nie.
excel	verb	to be very good at doing something.	Students are highly motivated to work hard in order to excel in tasks and receive rewards.	uitblink	ww.	om baie goed te wees in wat jy doen.	Studente is hoogs gemotiveer om hard te werk ten einde in werkopdragte uit te blink en belonings te ontvang.
excess	noun	more than is necessary.	The tests show an excess of sodium in her blood.	oormaat	nw.	meer as wat nodig is.	Die toetse wys 'n oormaat natrium in haar bloed.
exclude	verb	to prevent from entering; to shut out.	The staff were excluded from the protests on campus.	uitsluit	ww.	om uit te sluit; om te keer dat hulle kan inkom.	Personeel is uitgesluit van die betogings op kampus.
exclude	verb	to reject something as a possibility because you have decided or proved that it is wrong or not important.	Patients with TB were excluded from the sample.	uitsluit	ww.	om iets nie toe te laat nie omdat jy so besluit het of bewys het dat dit verkeerd is, of nie belangrik is nie.	Pasiënte met TB is uitgesluit uit die monster.
execute	verb	to carry out a plan or do something you have agreed to do.	Tasks that have not been executed by 15 December have to stand over.	uitvoer	ww.	om 'n plan of iets wat jy ingestem het om te doen, wel te doen.	Take wat nie teen 15 Desember uitgevoer is nie, moet oorstaan.
exert	verb	to use power, influence, authority or pressure in a strong way in order to have a particular effect on someone or something.	He exerts great influence on the other board members.	invloed uitoefen	ww.	om mag, invloed, bevel of druk op 'n sterk manier te gebruik ten einde 'n besondere uitwerking op iemand of iets te hê.	Hy oefen groot invloed uit op die ander raadslede.
exert	verb	to make a strong or strenuous physical or mental effort.	He was cautioned by the doctor not to exert himself during exercise.	inspan	ww.	om baie erge fisiese of mentale moeite te doen.	Hy is deur die dokter aangeraai om homself nie te veel gedurende die oefening in te span nie.
exhibit	verb	to show, make visible or display.	The artist's paintings will be exhibited at the re-opening of the art gallery.	uitstal	ww.	om iets ten toon te stel.	Die kunstenaar se skilderye sal by die heropening van die kunsgalery uitgestal word.
expand	verb	to make bigger or wider in size, volume or quantity.	During the 1970s social welfare programmes expanded rapidly.	uitbrei	ww.	om groter of breër in grootte, volume of hoeveelheid te maak.	Gedurende die sewentigerjare het maatskaplike welsynsprogramme vinnig uitgebrei.

expert	noun	a person with special knowledge and experience.	He is an expert on global warming.	kundige	nw.	'n persoon met spesiale kennis en ervaring.	Hy is 'n kundige in aardverwarming.
expert	adj	very skilled or good at doing something.	They need expert advice on marketing the technologically advanced product.	kundige	b.nw.	baie ervare of goed daarin om iets te doen.	Hulle benodig kundige raad oor hoe om die tegnologie-gevoordeerde produk te bemark.
explain	verb	to tell in a way that makes it easy to understand.	The methodology section explains how the participants were selected.	verduidelik	ww.	om iets op so 'n manier te vertel dat dit maklik verstaanbaar is.	Die metodologie-afdeling verduidelik hoe deelnemers gekies is.
explain	verb	to give reasons for something.	The theory explains why so many teenagers engage in risk behaviour.	verklaar	ww.	om redes vir iets te gee.	Die teorie verklaar waarom soveel tieners in risikogedrag betrokke is.
explicate	verb	to make clear, explicit and comprehensible.	You have to explicate the rationale for the study.	uitlê	ww.	om iets duidelik, eksplisiet en verstaanbaar te maak.	Jy moet die beweegrede/rasionaal van die studie uitlê.
explicit	adj	precisely and clearly expressed with no attempts to hide anything.	In their planning documents employers must give explicit indications of how they intend implementing the new policy.	eksplisiet	b.nw.	presies en duidelik met geen poging om iets weg te steek nie,	In hul beplanningsdokument moet werkgewers eksplisiete aanduidings verskaf oor hoe hulle van voornemens is om die nuwe beleid te implementeer.
exploit	verb	to use or manipulate to one's advantage.	Traders on the stock exchange exploited the weak Rand to make money.	uitbuit	ww.	om iets te manipuleer of hoe jou eie voordeel te gebruik.	Handelaars op die aandelebeurs het die swak Rand uitgebuit om geld te maak.
exploit	verb	to treat someone unfairly, e.g. to use their work or ideas without giving them credit in order to get money or advantage for yourself.	She felt that the tragedy was exploited by the media.	uitbuit	ww.	om iemand onbillik te behandel, bv. om hul werk of idees te gebruik om geld te maak of om jouself te bevoordeel sonder om hulle krediet te gee.	Sy het gevoel dat die tragedie deur die media uitgebuit is.
exponent	noun	a person who supports or explains an idea, plan, theory, belief, etc. and tries to persuade others that it is useful or good.	The professor is a leading exponent of herbal medicine.	eksponent	nw.	'n persoon wat 'n idee, plan, teorie, oortuiging, ens. steun of verduidelik en probeer om ander te oortuig dat dit nuttig of goed is.	Die professor is 'n toonaangewende eksponent van kruideniedisyne.
export	verb	to sell or transfer abroad.	South Africa exports wine to the rest of the world.	uitvoer	ww.	om iets oorsee te verkoop.	Suid-Afrika voer wyn na die res van die wêreld uit.
export	verb	to introduce something such as an activity, idea, etc. to another country.	German ideas on education have been exported to rural Africa.	uitvoer	ww.	om iets soos 'n idee, aktiwiteit, ens. na 'n ander land te neem.	Duitse idees oor onderwys is na landelike Afrika uitgevoer.
export	noun	the sale of products or materials to another country.	Profits from the export of alcohol are heavily taxed.	uitvoer	nw.	die verkoop van produkte of materiale aan 'n ander land.	Winst op die uitvoer van alkohol word swaar belas.
export	noun	something that is sold to another country.	Wine is an important export for South Africa.	uitvoer	nw.	iets wat aan 'n ander land verkoop word.	Wyn is 'n belangrike uitvoerprodukt vir Suid-Afrika.
expose	verb	to show or make visible.	He considered it his duty to expose careless and ignorant writers.	onthul	ww.	om iets bloot te lê of sigbaar te maak.	Hy het dit as sy taak beskou om nalatige en onkundige skrywers te onthul.

extensive	adj	including a wide range.	The accident received extensive coverage from the media.	uitgebreide	b.nw.	wat 'n wye reeks insluit.	Die ongeluk het uitgebreide dekking in die media ontvang.
external	adj	on the outside.	The external pressure must be higher than the internal pressure for the expansion to take place.	eksterne	b.nw.	aan die buitekant.	Eksterne druk moet hoër as interne druk wees vir die uitsetting om plaas te vind.
extract	verb	to remove, usually with some force or effort.	The broken piece was extracted from the machine using pliers.	uittrek	ww.	om iets met mag of moeite te verwyder.	Die gebreekte stuk is met 'n tang uit die masjien getrek.
extract	verb	to obtain something from something else, using a chemical or industrial process or machine.	Iron is extracted from iron ore.	onttrek	ww.	om iets uit iets anders te kry deur middel van 'n chemiese of industriële proses of masjien.	Yster word uit ystererts onttrek.
extract	noun	a small part of a book, piece of music, etc. which is printed or published on its own.	This extract from the novel shows how poor children can be exploited in cities.	uittreksel	nw.	'n klein deel uit 'n boek, musiekstuk, ens. wat gedruk en op sy eie gepubliseer word.	Hierdie uittreksel uit die roman wys hoe arm kinders in stede uitgebuit kan word.
extract (or excerpt)	noun	the substance that has been obtained from another substance by means of a particular process.	Almond extract gives rice pudding a lovely flavour.	ekstrak	nw.	die kern wat uit 'n ander middel onttrek is deur middel van 'n besondere proses.	Amandel-ekstrak gee aan ryspoeding 'n heerlike geur.
facilitate	verb	to make easier; allow it to happen.	The University is serious about facilitating access to more economically disadvantaged students.	fasiliteer	ww.	om makliker te maak; om toe te laat dat iets gebeur.	Die universiteit is ernstig daaroor om toegang vir ekonomies-agtergeblewe studente te fasiliteer.
faction	noun	a small group within a larger group, which has opposing ideas to the main part of the group.	The rival factions in the political party cannot reach an agreement.	faksie	nw.	'n klein groepie binne 'n groter groep wie se idees verskil van die groter groep.	Meedingende faksies in daardie politieke party kan nie ooreenstemming bereik nie.
factor	noun	anything that contributes causally to a result.	Education is a key factor in raising awareness of health issues in a population.	faktor	nw.	enigiets wat oorsaaklik tot 'n resultaat bydra.	Onderwys is 'n vername faktor om bewustheid van gesondheidskwessies in 'n bevolking te verhoog.
factor	verb	to include something in your calculations on how much something will cost, or how long it will take, etc.	She forgot to factor in the painter's wages when she estimated how much painting the house would cost.	faktorisier	ww.	om iets in jou berekeninge oor hoeveel dit gaan kos, of hoe lank dit sal neem, ens. in te sluit.	Sy het vergeet om die verwer se loon in haar beraming te faktorisier oor hoeveel dit gaan kos om die huis te verf.
factual	adj	based on or containing facts.	An argument is usually supported by factual information.	feitelike	b.nw.	gebaseer op, of wat feite bevat.	'n Argument word gewoonlik deur feitlike inligting ondersteun.
fallacy	noun	a false or mistaken idea or belief, based on incorrect information or faulty reasoning, which many people believe to be true.	It is a fallacy that the Scots are stingy; in fact, they give more to charity than any other group in the British Isles.	dwaling	nw.	'n valse of verkeerde idee of opvatting gegrond op verkeerde inligting of redenasie, wat mense vir die waarheid mag glo.	Dit is 'n dwaling dat die Skotte suinig is; in werklikheid gee hulle meer aan liefdadigheid as enige ander groep in die Britse eilande.

fallacy	noun	a weakness in someone's argument caused by faulty logic or a mistake in their reasoning.	The fallacy contained in their argument is that they have made generalisations on the basis of too few examples.	dwaling	nw.	'n swak plek in iemand se argument wat deur verkeerde logika of 'n fout in hul redenasie veroorsaak is.	Die dwaling in hul argument is dat hulle veralgemenings gemaak het op grond van te min voorbeelde.
feasible	adj	possible, practical, that can be done and is likely to work.	Using four languages as media of instruction is not feasible.	haalbaar	b.nw.	moontlik, prakties uitvoerbaar.	Om vier tale as onderrigtale te gebruik is net nie haalbaar nie.
feature	noun	a special article on a particular subject in a magazine, newspaper, etc.	The newspaper had a special feature on the writer who won the award.	spesiale artikel	nw.	'n spesiale artikel oor 'n besondere onderwerp in 'n tydskrif, koerant, ens.	Die koerant het 'n spesiale artikel gehad oor die skrywer wat die toekenning verower het.
feature	noun	an important, interesting or typical aspect of something.	Describe the characteristic features of an earthquake.	kenmerk	nw.	'n belangrike, interessante of tipiese aspek van iets.	Beskryf die tipiese kenmerke van 'n aardbewing.
feature	verb	to have an important part in or include a specific person.	The conference will feature the dean as one of the plenary speakers.	spog met	ww.	om 'n belangrike iets of iemand voorop te stel.	Die kongres spog met die dekaan as een van die hoofsprekers.
fertile	adj	if an environment or situation is fertile, then new ideas, results, political groups, etc. are encouraged and can easily develop and succeed.	Poorer regions are a fertile breeding ground for revolution.	vrugbare	b.nw.	as 'n omgewing of situasie vrugbaar is dan kan nuwe idees, resultate, ens. aangemoedig word om te ontwikkel en suksesvol te wees.	Arm streke is 'n vrugbare geboorteplek vir revolusie.
fertile	adj	if your mind is fertile, you are full of new, interesting and unusual ideas.	The new lecturer has a fertile mind and will make many valuable contributions to research in the field.	vrugbare	b.nw.	as jy 'n vrugbare verbeelding het is jy vol nuwe, interessante en buitengewone idees.	Die nuwe dosent het 'n vrugbare verstand en sal baie waardevolle bydraes tot navorsing in die veld maak.
finance	verb	to provide the money, often a large amount, that is needed to pay for something	She worked full-time to finance her husband's college education.	finansier	ww.	om geld, dikwels 'n groot bedrag, te verskaf wat nodig is vir iets.	Sy het voltyds gewerk om haar man se kollege-studies te finansier.
finance	verb	the money that a person or organisation has available and the way in which they manage this money.	The church took out a loan to finance the new community centre.	finansier	ww.	die geld wat iemand of 'n organisasie beskikbaar het, en die manier waarop hulle die geld sal bestuur.	Die kerk het 'n lening uitgeneem om die nuwe gemeenskapsentrum te finansier.
finance	noun	the commercial activity of providing funds and capital.	Finance for the new natural sciences laboratory has been provided by private donors.	finansiering	nw.	die kommersiële aktiwiteit om fondse en kapitaal te verskaf.	Finansiering vir die nuwe natuurwetenskaplaboratorium is deur privaat skenkers bewillig.
finite	adj	with a definite limit or fixed size.	There is a finite number of energy resources from which to generate electricity.	beperkte	b.nw.	met 'n besliste beperking of vaste grootte.	Daar is 'n beperkte aantal energiehulpbronne waaruit elektrisiteit opgewek kan word.

flexible	adj	able to adjust to different conditions.	The company is looking for someone who can work flexible hours.	buigsaam	b.nw.	in staat om by verskillende toestande aan te pas.	Die maatskappy soek na iemand wat buigsame kan werk.
fluctuate	verb	move in a rising and falling pattern like a wave.	The device malfunctioned due to fluctuations in the electrical current.	fluktueer	ww.	om in 'n stygende en dalende patroon te beweeg, soos 'n golf.	Die toestel het wanfunksioneer as gevolg van fluktuasies in die elektriese stroombaan.
fluent	adj	able to speak or write a (foreign) language correctly and easily without hesitation.	She is fluent in Spanish.	vlot	b.nw.	in staat om meer as een (vreemde) taal korrek en gemaklik, sonder huiwering, te gebruik.	Sy is vlot in Spaans.
fluid	adj	unstable, not fixed and likely to change.	Although the two institutions have merged, the arrangement is still fluid.	vloeibaar	b.nw.	nie stabiel of vas nie, mag verander.	Hoewel die twee instellings saamgesmelt het is die ooreenkoms steeds vloeibaar.
focus	verb	to concentrate on or pay special attention to a particular person or thing instead of other people or things.	She focused all her energy on completing her dissertation.	fokus	ww.	om slegs op iets of 'n besondere persoon te konsentreer en nie op iets anders of ander mense nie.	Sy het al haar energie op die voltooiing van haar verhandeling gefokus.
focus	noun	the subject or situation that is the centre of interest or attention.	The main focus of the course is social anthropology.	fokus	nw.	die onderwerp of situasie wat die kern van belang of aandag is.	Die hoofdoelwit van die kursus is sosiale antropologie.
focus	noun	the special attention you give to a particular subject or situation.	The media's focus on primary health care has raised awareness.	fokus	nw.	die spesiale aandag wat jy aan 'n besondere onderwerp of situasie gee.	Die media se fokus op primêre gesondheidsorg het bewustheid hiervan verhoog.
focus	noun	the clear purpose of something.	His essay lacks focus.	fokus	nw.	die duidelike doel van iets.	Sy opstel ontbreek fokus.
forgo	verb	to give something up or to decide not to have something.	The student volunteers forgo their summer holidays to do development work.	af sien van	ww.	om iets op te gee of dit prys te gee.	Die studentevrywilligers het van hul somervakansie afgesien om ontwikkelingswerk te doen.
format	noun	the organisation, plan or design of something.	The celebrations take place in the format of a carnival.	vorm	nw.	die organisasie, plan of ontwerp van iets.	Die feesvierings vind plaas in die vorm van 'n karnaval.
format	noun	the layout and appearance of a document or display.	The format of the two textbooks is completely different.	formaat	nw.	die uitleg en voorkoms van 'n dokument of vertoning.	Die formaat van die twee handboeke verskil hemelsbreed.
format	verb	to arrange a text and visual elements in a specific way on a page or screen.	All assignments have to be formatted according to the prescribed style sheet.	formateer	ww.	om 'n teks en visuele elemente op 'n besondere manier op 'n bladsy of skerm uit te lê.	Alle werkopdragte moet volgens die voorgeskrewe stylblad geformateer word.
formula	noun	a particular method of achieving something.	The formula for success is hard work.	formule	nw.	'n besondere metode om iets te bereik.	Die formule vir sukses is harde werk.
formulate	verb	to invent, plan and decide all the details of a proposal or project.	The commission was tasked with formulating a monetary policy.	formuleer	ww.	om al die details van 'n voorstel of projek uit te dink en te beplan.	Die kommissie is opdrag gegee om 'n monetêre beleid te formuleer.

formulate	verb	to use particular words to clearly express your opinions, feelings or ideas.	They formulated their ideas in carefully crafted prose.	formuleer	ww.	om besondere woorde te gebruik om jou mening, gevoelens en idees uit te druk.	Hulle het hul idees in prosa aangebied wat met omsigtigheid geformuleer is.
forthcoming	adj	willing to give information about something.	She was forthcoming in her response to the allegations.	tegemeetkomend	b.nw.	bereid om inligting oor iets te verskaf.	Sy was tegemeetkomend in haar reaksie op die aantygings.
forthcoming	adj	going to happen or to be published.	I am looking forward to the forthcoming rugby season.	naderende	b.nw.	wat gaan gebeur of verskyn.	Ek sien uit na die naderende rugbyseisoen.
found	verb	to base something such as a main idea or belief on something else.	A child's confidence is founded on love and praise.	gegrond op	ww.	om iets soos 'n hoofidee of opvatting op iets anders te baseer.	'n Kind se selfvertroue is op liefde en prys gegrond.
foundation	noun	the basics or principles on which future work or actions are built.	The study provides a solid foundation for further research.	grondslag	nw.	die basis of beginsels waarop toekomstige werk of aksies gebou word.	Die studie verskaf 'n soliede grondslag vir verdere navorsing.
framework	noun	a set of ideas, beliefs or principles forming the basis for understanding something.	The textbook provides a general framework for understanding biology.	raamwerk	nw.	'n stel idees, opvattinge of beginsels wat die basis vorm om iets te begryp.	Die handboek verskaf 'n algemene raamwerk om biologie te begryp.
